# Voorskoolse kinders se belewing van 'n hofgeding oor toesig en beheer

A.M.C. Pretorius
Studentediensburo
Randse Afrikaanse Universiteit
AUCKLANDPARK
E-pos: amcp@adfin.rau.ac.za

H.G. Pretorius
Departement Sielkunde
Randse Afrikaanse Universiteit
AUCKLANDPARK
E-pos: msb@lw.rau.ac.za

**Abstract**

**The effect of a custody dispute on preschool children**

*The motivation for the research on which this article is based highlights the consequences of the placement of children after the divorce of their parents and in instances in which a custody dispute erupts. The functions and purpose of the family advocate in this process are also taken into consideration. The aim of this article was to evaluate children with respect to three variables, namely, 1) positive self-esteem, 2) the loyalty conflict between biological parents and 3) depression. These evaluations were undertaken within three groups, namely, 1) children in a nuclear family, 2) children in a single-parent family where divorce had occurred and 3) children in a family where a custody dispute had taken place. A non-experimental method of research was used. To test the specific hypotheses the following test instruments were used: 1) Bene-Anthony family relations 2) Draw a Person Test (D.A.P.) and 3) Draw a Family Test (D.A.F.).*

*The conclusions arrived at indicate firstly, that children in nuclear families do have a higher self-esteem than children from single-parent divorced families, but the latter, in turn, do not have a higher self-esteem than those from families undergoing a custody dispute. Furthermore, children from nuclear families do not experience less loyalty conflict than children from single-parent divorced families, but the latter experience less loyalty conflict than those from families undergoing a custody dispute. Finally, children from nuclear families suffer less from depression than children from single-parent divorced families, but the latter do not experience less depression than those from families exposed to a custody dispute. As the research on which this article is based merely has an exploratory nature, only general trends can be deduced from the results. Further studies will require larger and better controlled samples.*

# 1. Inleiding

## 1.1 Die huwelik as instelling van God

Vanuit 'n Christelike perspektief gesien, aanvaar ons dat die huwelik deur God ingestel is en dat God bedoel het dat die verbintenis tussen man en vrou heilig en permanent is. Die mens is egter 'n sondige wese in 'n sondige wêreld en juis hieroor gebeur dit dat egskeidings wel voorkom. Die verskynsel van egskeidings word reeds in Bybelse voorskrifte betrek. Hiervolgens mag 'n man van 'n vrou skei indien owerspel gepleeg is. In die tyd waarin ons leef, lyk dit asof egskeiding 'n algemene verskynsel geword het. Dit laat baie vrae, kwellings en skuldgevoelens by Christene ontstaan. Dit is egter tog 'n troos vir Christene om aan God se genade en vergiffenis te kan vashou. God kan verhoudings herstel, want by Hom is vernuwing en vergewing. Alhoewel individue soms alles in hulle vermoë doen om 'n huwelik te probeer red, gebeur dit tog dat onherstelbare skade, of totale onwilligheid by een van die egmaats is. In hierdie gevalle is egskeiding onvermydelik. Die beloftes van God se liefde dra dié mens deur die krisis sodat die heelwordingsproses kan begin (Van Staden, 1991). Kinders uit egskeidingsgesinne is dikwels die persone wat die swaarste ly en daarom behoort voordurend gepoog te word om hulle te help sodat die egskeiding van hulle ouers met so min as moontlik negatiewe effekte verwerk kan word.

## 1.2 Probleemstelling

Die motivering vir die navorsing wat hierdie artikel onderlê, spruit voort uit die ontwikkeling wat in die regstelsel plaasgevind het met betrekking tot die toewysing van kinders tydens egskeidingsake en die funksie en doel van die gesinsadvokaat in hierdie verband. Met die daarstel van gesinsadvokate word gepoog om die idiosinkratiese lewensgebeurtenis, naamlik die egskeiding van hulle ouers, vir die kinders op die bes moontlike wyse en in hulle beste belang te laat verloop. Hierdie hanteringswyse word geïmplementeer sodat die kinders die krisis met die mins moontlike effek kan deurleef en hulle verder normaalweg kan ontwikkel.

Aangesien daar nog min navorsing in hierdie verband gedoen is, het dit baie vrae gelaat en is die verkennende studie gedoen deur na sekere veranderlikes te kyk en dit dan te vergelyk met gegewens van kinders in kerngesinne, kinders in egskeidingsgesinne en kinders wat deur 'n hofgeding oor toesig en beheer moes gaan. Aangesien die ondersoek 'n verkennende studie was, kan slegs enkele afleidings gemaak word. Verdere studie sal groter en meer gekontroleerde steekproewe vereis.

## 1.3 Agtergrond

Egskeiding het 'n algemene verskynsel in die moderne samelewing geword. Vir die kinders in die huwelik is die egskeiding van hulle ouers 'n totaal onbeplande

lewensgebeurtenis waaroor hulle geen beheer het nie. Dit kan dus gedefinieer word as 'n nie-normatiewe, idiosinkratiese lewensgebeurtenis (Hultsch & Deutsch, 1981). Hierdie gebeurtenis gee noodwendig aanleiding tot verhoogde stres en het sekere gevolge vir die kinders (Wallerstein & Kelly, 1980). Die spesifieke effek wat egskeidings op kinders het, sal bepaal word deur 'n interaksie van die veranderlike in die kind self, sy omgewing en sy gesin (Schwartz & Scott, 1994).

Ook wat die toewysing van kinders in egskeidingsake betref, het daar ontwikkeling plaasgevind. Tradisioneel is jong kinders aan die moeder toegesê en was die regter wat die toesegging moes maak, uitgelewer aan die inligting wat van die ouers verkry kon word. Dit het meegebring dat die besluit nie altyd in die beste belang van die kind was nie. Om die regter in die toeseggings van die kinders by te staan, is gesinsadvokate aangestel as bekragtiging van die *Wet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede* nr. 24 van 1987.

Die taak van die gesinsadvokaat is om namens die hooggeregshof as waghond op te tree oor die belange van minderjarige kinders wat blootgestel is aan egskeidings en gedingvoering na 'n egskeiding (Bosman, 1992). Egskeidinglitigasie bring spanning en onsekerhede mee vir die kinders betrokke daarin. Die taak van die gesinsadvokaat is om kinders aan so min as moontlik ontwrigting bloot te stel. Die gesinsadvokaat moet bepaal of die reëlings wat beoog word, wel in die beste belang van die kinders is (Bosman, 1992; Grobler, 1990).

### 1.4 Doel en rasionaal

Die doel van die ondersoek was om kinders in verskillende lewensomstandighede te evalueer en te vergelyk. Die veranderlikes wat ondersoek is, sluit die volgende in: lojaliteitskonflik tussen biologiese ouers, selfbelewing van die kinders en kinderdepressie. Hierdie veranderlikes is gekies aangesien dit in tersaaklike vakliteratuur oor egskeiding dikwels uitgewys word as faktore wat 'n effek op jong kinders het. Hierdie evaluerings is vergelyk ten opsigte van (1) kinders in 'n kerngesin, (2) kinders in 'n enkelouergesin, waar egskeiding plaasgevind het en (3) kinders in 'n enkelouergesin of hersaamgestelde gesin waar 'n hofgeding met betrekking tot beheer en toesig plaasgevind het.

## 2. Metode

Om voorskoolse kinders in groep 1 en 2 te identifiseer wat as proefpersone gebruik kon word, is kleuters van 'n kleuterskool gebruik. Die kinders, waarvan die ouers toestemming verleen het, is vervolgens individueel by die kleuterskool getoets. Groep 3 se inligting is verkry deur gebruik te maak van data wat reeds beskikbaar was by RAU se Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding van voorskoolse kinders wat deur die Gesinsadvokaat verwys is. Om die spesifieke hipo-


teses te toets, is die volgende meetinstrumente geselekteer: (1) Bene-Anthony-gesinsverhoudingstoets, (2) 'n Projektiewe toets waartydens 'n persoon geteken word (DAP) en (3) Gesinstekening (DAF).

Die data, soos van kinders verkry, is deur vyf onafhanklike sielkundiges beoordeel sonder dat hulle bewus was van die groep waartoe 'n besondere kind se data behoort. Die statistiese verwerking is gedoen deur gebruik te maak van die SAS statistiese pakket. Die groepe is vergelyk met betrekking tot die onafhanklike veranderlikes, naamlik lojaliteitskonflik, selfbelewing en depressie.

## 3. Resultate

**Hipotese 1:** *Daar sal statisties beduidend minder lojaliteitskonflik met betrekking tot moeder en vader wees by groep 1 in vergelyking met groep 2.*

Die verskil in lojaliteitskonflik met betrekking tot moeder en vader tussen groep 1 en groep 2 is +0.2 (in die gemiddeldes). Die verskil in lojaliteitskonflik dui – volgens die rigting van hipotese 1 – op minder lojaliteitskonflik by groep 1 as by groep 2. Die p-waarde van die verskil in lojaliteitskonflik is 0.2146.




Grafiek 3.1: Lojaliteitskonflik

Die verskil in lojaliteitskonflik is statisties onbeduidend op die 21% peil (en laer). Kyk grafiek 3.1 vir die grafiese voorstelling van die resultaat.

**Gevolgtrekking**

Die resultate laat blyk dat hipotese 1 nie op die 1% statistiese peil aanvaar kan word nie. Die gevolgtrekking is dus dat daar nie statisties beduidend minder lojaliteitskonflik met betrekking tot moeder en vader is by kinders in 'n kerngesin as by kinders in egskeidingsgesinne nie. Hipotese 1 word gevolglik verwerp.

**Verklarings van grafieke:**


1 = Baie lojaliteitskonflik, 2 = Lojaliteitskonflik, 3 = Minder lojaliteitskonflik en 4 = Glad nie lojaliteitskonflik nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | = Verskil is statisties beduidend op die 1% peil | | = Verskil is statisties beduidend op die 15% peil |
| | = Verskil is statisties onbeduidend. | | |

Groep 1 = Kinders in 'n kerngesin, Groep 2 = Kinders in 'n enkelouergesin na afloop van 'n egskeiding en Groep 3 = Kinders in 'n enkelouergesin of hersaamgestelde gesin na afloop van 'n hofgeding oor beheer en toesig.

**Hipotese 2:** *Daar sal statisties beduidend minder lojaliteitskonflik met betrekking tot moeder en vader wees by groep 2 in vergelyking met groep 3.*

Die verskil in lojaliteitskonflik met betrekking tot moeder en vader tussen groep 2 en groep 3 is +0.31 (in die gemiddeldes). Die verskil in lojaliteitskonflik dui volgens die rigting van hipotese 2 op minder lojaliteitskonflik by groep 2 as by groep 3. Die p-waarde van die verskil in lojaliteitskonflik is 0.1117.




Grafiek 3.2: Lojaliteitskonflik


Die verskil in lojaliteitskonflik is statisties beduidend op die 12% peil (en hoër). Die 15% statistiese peil word hier gebruik. Kyk grafiek 3.2 vir die grafiese voorstelling van die resultaat.

**Gevolgtrekking:**

Op grond van die resultate blyk dit dat hipotese 2 op die 15% statistiese peil aanvaar kon word. Die gevolgtrekking is dat daar statisties beduidend meer lojaliteitskonflik voorkom by kinders uit 'n enkelouergesin waar 'n hofgeding oor toesig en beheer plaasgevind het as by kinders uit 'n egskeidingsgesin waar daar nie 'n hofgeding oor toesig en beheer plaasgevind het nie.

**Hipotese 3:** *Daar sal statisties beduidend beter selfbelewing wees by groep 1 in vergelyking met groep 2.*

Die verskil in selfbelewing met betrekking tot groep 1 en groep 2 is +0.5 (in die gemiddeldes). Die verskil in selfbelewing dui, volgens die rigting van hipotese 3, op beter selfbelewing by groep 1 as by groep 2. Die p-waarde van die verskil in selfbelewing is 0.0044.




Grafiek 3.3: Positiewe selfbelewing


Die verskil in selfbelewing tussen groep 1 en groep 2 is statisties beduidend op die 1% peil van statistiese beduidendheid. Kyk grafiek 3.3 vir die grafiese voorstelling van die resultaat.

### Gevolgtrekking:

Op grond van die resultate blyk dit dat die hipotese wel bevestig kan word. Die gevolgtrekking is dus dat kinders in 'n kerngesin statisties beduidend beter selfbelewing ervaar as kinders in 'n egskeidingsgesin. Hipotese 3 word gevolglik aanvaar.

**Hipotese 4:** *Daar sal statisties beduidend beter selfbelewing wees by groep 2 in vergelyking met groep 3.*

Die verskil in selfbelewing met betrekking tot groep 2 en groep 3 is +0.01 (in die gemiddeldes). Die verskil in selfbelewing dui volgens die rigting van hipotese 4 op beter selfbelewing by groep 2 as by groep 3. Die verskil is egter weglaatbaar klein (kyk grafiek 3.4 vir die grafiese voorstelling van die resultate).





Grafiek 3.4: Positiewe selfbelewing

**Gevolgtrekking:**

Op grond van die resultate blyk dit dat die hipotese nie aanvaar kon word nie. Die gevolgtrekking is dus dat kinders uit 'n egskeidingsgesin nie 'n statisties beduidend beter selfbelewing het as kinders uit 'n egskeidingsgesin waar 'n hofgeding oor beheer en toesig plaasgevind het nie. Hipotese 4 word gevolglik verwerp.

**Hipotese 5:** *Daar sal statisties beduidend minder depressie voorkom by groep 1 in vergelyking met groep 2.*

Die verskil in depressie met betrekking tot groep 1 en groep 2 is +0.65 (in die gemiddeldes). Die verskil in depressie dui volgens die rigting van hipotese 5 op minder depressie by groep 1 as by groep 2. Die p-waarde van die verskil in depressie is 0.0002.




Grafiek 3.5: Depressie


Die verskil in depressie tussen groep 1 en groep 2 is statisties beduidend op die 1% peil van statistiese beduidendheid. Kyk grafiek 3.5 vir die grafiese voorstelling van die resultate.

**Gevolgtrekking**

Op grond van die resultate blyk dit dat hipotese 5 bevestig kon word. Die gevolgtrekking is dus dat daar by kinders in 'n kerngesin minder depressie voorkom as by kinders in 'n egskeidingsgesin. Hipotese 5 word gevolglik aanvaar.

**Hipotese 6:** *Daar sal statisties beduidend minder depressie voorkom by groep 2 in vergelyking met groep 3.*

Die verskil in depressie tussen groep 2 en groep 3 is -0.33 (die minusteken dui die teenoorgestelde rigting aan as hipotese 6). Die verskil in depressie is in die teenoorgestelde rigting as hipotese 6. Die p-waarde van die verskil in depressie is 0.50.




Grafiek 3.6: Depressie

Aangesien die resultate in die teenoorgestelde rigting van hipotese 6 dui, is dit statisties onbeduidend op die hoogs moontlike vlak, naamlik 50%. Kyk grafiek 3.6 vir die grafiese voorstelling van die resultaat.

**Gevolgtrekking**

Op grond van die resultaat blyk dit dat hipotese 6 nie aanvaar kon word nie. Die gevolgtrekking is dus dat daar by kinders in egskeidingsgesinne nie statisties beduidend minder depressie voorkom as by kinders in 'n egskeidingsgesin waar daar 'n hofgeding oor toesig en beheer plaasvind nie. Hipotese 6 word gevolglik verwerp.

## 4. Bespreking van resultate

### 4.1 Lojaliteitskonflik

Lojaliteitskonflik by kinders word gekonseptualiseer as die innerlike konflik wat kinders ervaar wanneer hulle albei ouers liefhet, maar slegs by een ouer op 'n keer kan wees. Volgens hipotese 1 was verwag dat kinders in 'n kerngesin (waar egskeiding nie plaasgevind het nie) minder lojaliteitskonflik sou hê as kinders in egskeidingsgesinne. Hierdie hipotese kon egter nie bevestig word nie. Op grond van gegewens in tersaaklike vakliteratuur oor egskeiding, en die effek daarvan op kinders, het dit geblyk dat lojaliteitskonflik dikwels voorkom by kinders uit egskeidingsgesinne. Navorsers (soos bv. Howard & Shepherd, 1987) wys egter daarop dat hierdie lojaliteitskonflik sal voorkom indien die kind bewus is van antagonisme tussen die ouers. Die rol wat verskeie faktore in die bepaling van die effek speel, word dus duidelik. Wallerstein en Kelly (1980) wys daarop dat kinders in hierdie ouderdomsgroep 'n duidelike rou-reaksie openbaar waarin hulle na die afwesige ouer verlang. Die lojaliteitskonflik kom nie sterk na vore nie.

Volgens die Freudiaanse teorie van ontwikkeling bevind hierdie kinders hulle in die Oedipale fase, waarin liefde- en haatgevoelens teenoor die teenoorgestelde geslag voorkom. Volgens Riegel (1975) en Hultsch en Deutch (1981) kan egskeiding wel as 'n idiosinkratiese of nie-normatiewe lewenskrisis gedefinieer word.

Die wyse waarop die samelewing egskeiding definieer, sal egter bydra tot die kind se definisie van die situasie en dus tot die gevolge wat daaruit voortspruit. Indien die hedendaagse samelewing in ag geneem word, kan egskeiding as 'n "normale" gebeurtenis gedefinieer word en behoort die kinders dus makliker aan te pas.

Die resultate van die ondersoek wat onderneem is, dui daarop dat daar ook in kerngesinne lojaliteitskonflik voorkom. Indien dié bevinding geïnterpreteer word dat kinders in egskeidingsgesinne nie meer lojaliteitskonflik ervaar as in kerngesinne nie, kan 'n moontlike verdere verklaring van die resultate wees dat die kinders nie nodig het om 'n keuse tussen die ouers te maak nie. In hierdie ouderdomsgroep aanvaar die kinders nog dit wat hulle ouers doen. Hulle treur dus oor die ouer wat weg is, maar glo, aanvaar en vertrou die besluite van hulle ouers (suksesvolle voltooiing van die eerste twee ontwikkelingstake van Erikson, 1950). Dit lyk dus asof kinders nie nodig het om kant te kies wanneer die ouers skei nie, aangesien die ouers die besluit oor beheer en toesig neem. Hulle kom dus tot 'n ooreenkoms en die kinders aanvaar dit. Dit mag ook moontlik wees dat kerngesinne in elk geval baie konflik ervaar. Die vlak van konflik is nie in hierdie ondersoek gemeet nie.

Volgens *hipotese 2* was verwag dat kinders in 'n gesin wat blootgestel word aan 'n hofgeding oor beheer en toesig, meer lojaliteitskonflik as kinders in 'n egskeidingsgesin sal ervaar. Die resultate wys daarop dat die hipotese wel bevestig kon word. Op grond van die bestudering van vakliteratuur oor die verskynsel van 'n hofgeding oor beheer en toesig het dit duidelik geblyk dat hierdie kinders bewus word van die feit dat daar antagonisme tussen die ouers bestaan. Hierdie bewuswording staan juis in verband met wie van die ouers deur die hof as die beste toegerus gesien word om die beheer en toesig oor die kinders te verkry. Die kind word in die proses dikwels 'n gevegspion tussen die ouers (Howard & Shepherd, 1987; Irving & Benjamin, 1987). Wanneer kinders vir evaluering in die hofgeding oor beheer en toesig gaan, word hulle dikwels betrek in die besluitneming en word gevra na hulle verhoudings met albei ouers (Hoffmann & Pincus, 1989). Indien die kind die gevoel kry dat hy tussen die ouers moet kies, ontstaan 'n lojaliteitskonflik. Deur een ouer te kies, word die ervaring by die kind geskep dat die ander ouer verwerp word (Beilin & Izen, 1991; Kaslow & Schwartz, 1987).

Uit die ontwikkelingsielkunde is dit duidelik dat 'n kind van hierdie ouderdom nie veronderstel is om besig te wees met die taak van kies tussen ouers nie en dus nie die nodige kognitiewe vaardighede ontwikkel het om dit te hanteer nie. In die ouderdomsfase waarin hierdie kinders val, behoort kinders hulle besig te hou met die ontwikkeling van outonomiteit in die veilige omgewing van vertroue wat in die vorige ontwikkelingsfase (Erikson, 1950) bemeester is. Indien die kind gekonfronteer word met die idiosinkratiese lewensgebeurtenis, waarin hy voel dat

tussen die ouers kant gekies moet word, ontstaan 'n gevoel van twyfel oor sy eie vermoëns. Dit mag baie verwarrend wees vir die kind en kan aanleiding gee tot die feit dat die kinders nie kan voortgaan met die verdere ontwikkelingstaak, naamlik dié van inisiatief nie (Erikson, 1950). Skuldgevoelens mag die gevolg wees. Hierdie gevoel van skuld word dikwels in tersaaklike vakliteratuur vermeld (Howard & Shepherd 1987).

## 4.2 Positiewe selfbelewing

Die resultate van die ondersoek wat onderneem is, wys daarop dat kinders in 'n kerngesin wel beter selfbelewing het as kinders in 'n egskeidingsgesin. Die hipotese dat kinders in 'n egskeidingsgesin 'n beter selfbelewing het as kinders uit 'n gesin wat blootgestel was aan 'n hofgeding oor beheer en toesig, kon egter nie bevestig word nie. Op grond van tersaaklike vakliteratuur kan die volgende afleidings moontlik gemaak word om die resultate te verklaar. Die ontwikkelingsfase waarin die kinders hulle bevind, is dié van inisiatief versus skuldgevoel (Erikson, 1950). Verskeie navorsers wys daarop dat kinders in hierdie ouderdomsfase (voorskools) dikwels na die egskeiding skuldig voel en hulleself vir die egskeiding blameer. Hulle voel en glo dat hulle iets verkeerds gedoen het en dus verantwoordelik is of self bygedra het tot die probleme tussen hulle ouers en dus die egskeiding (Lowery & Settle, 1985).

Hierdie skuldgevoelens en selfblamering dra by tot 'n verlies aan selfvertroue en 'n verswakte selfbeeld (Beilin & Izen, 1991; Howard & Shepherd, 1987, Stern & Newland, 1994). Sodra die een ouer die huis verlaat, kan die kind dus voel dat hy iets verkeerds gedoen het of nie belangrik genoeg is dat die ouer in die huwelik bly nie. Dit is baie moeilik vir kinders van hierdie ouderdom om te kan verstaan dat die egskeiding plaasvind omdat die ouers probleme met mekaar ervaar en nie as gevolg van die kinders nie. Die gevoel van verwerping kan baie intens wees (Wallerstein, 1983).

Die gesin verskaf ook aan kinders 'n struktuur waarop hulle kan bou en ontwikkel. Wallerstein en Blakeslee (1990) konseptualiseer hierdie struktuur as 'n raamwerk wat die gesin daarstel sodat die kind dit kan gebruik om die ontwikkelingstake suksesvol af te handel. Met egskeiding ervaar die kind 'n breuk in die struktuur of raamwerk – 'n gegewe wat hulle dus onveilig en ongeborge laat voel. Die ouers is ook tydens die egskeiding so besig met hulleself en hul eie pyn dat hulle nie genoegsame aandag aan die kinders gee nie (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Al bogenoemde faktore dra daartoe by dat die kinders se selfbelewing swakker raak.

Die gesinstruktuur dra ook by tot die positiewe selfbelewing van die kind, aangesien daar in die gesinstruktuur 'n spesifieke plek en taak vir elke gesinslid is. Indien die gesinstruktuur verander, is daar 'n tydelike wanbalans en onseker-

heid. Rolle en funksies moet weer gedefinieer word in terme van die nuwe gesinstruktuur; dit is dan ook een van die take wat die kind na 'n egskeiding moet bemeester (Wallerstein, 1983).

*Hipotese 4*, naamlik dat kinders in egskeidingsgesinne 'n beter selfbelewing sal hê as kinders uit gesinne wat blootgestel word aan 'n hofgeding oor beheer en toesig, kon nie bevestig word nie. As moontlike verklaring hiervoor kan genoem word dat die kind tydens 'n hofgeding oor beheer en toesig 'n baie duidelike boodskap van albei ouers kry. Albei ouers veg daarvoor om die daaglikse versorging van die kind te verkry. Indien verwys word na die oorsake vir swakker selfbelewing by kinders wat blootgestel word aan egskeiding, is dit duidelik dat kinders tydens 'n hofgeding oor beheer en toesig geensins verwerp kan voel nie. Navorsers wys ook daarop dat kinders tydens 'n hofgeding oor beheer en toesig dikwels meer by die proses betrokke is. Hulle het dus meer insae in die redes en oorsake vir die egskeiding – daar is dus minder geleentheid vir wankonsepte en verkeerde afleidings en introjeksies (Cohen, 1985; Howard & Shepherd, 1987; Messinger, 1984; Murch, 1980).

Die feit dat die kinders meer by die proses betrokke is, gee aan hulle die gevoel dat hulle 'n bydrae kan lewer tot die suksesvolle oplossing van vraagstukke. Hierdie ervaring kan tot 'n beter selfbelewing lei. Die kind se betrokkenheid verhelder die redes vir die egskeiding en help om nie skuldgevoelens en selfblaam te ervaar nie. Dit kom dus voor asof kinders se skade in elk geval by egskeiding begin en nie tydens die hofgeding oor beheer en toesig nie. Kinders wat blootgestel is aan hoë vlakke van konflik tydens die ouers se huwelik, mag ook 'n gevoel van verligting beleef sodra die ouers geskei is. Die veronderstelling sal wees dat die hoë vlakke van konflik na die egskeiding sal afneem. Dit gebeur egter nie noodwendig nie, veral indien die ouers nie daarin kon slaag om hulle suksesvol van die huweliksrol los te maak nie (Lamanna & Riedmann, 1988; Oppawsky, 1989; Wallerstein & Blakeslee, 1990).

## 4.3 Depressie

Volgens *hipotese 5* was verwag dat daar by kinders in kerngesinne minder depressie as by kinders in egskeidingsgesinne sal voorkom. Volgens *hipotese 6* was verwag dat by kinders in egskeidingsgesinne minder depressie sal voorkom as by kinders in 'n gesin wat 'n hofgeding oor beheer en toesig ervaar.

Die *vyfde hipotese* is wel bevestig. Dit bevestig gegewens uit vakliteratuur wat telkens daarop wys dat daar by kinders in egskeidingsgesinne dikwels depressie voorkom (Lamanna & Riedmann, 1988; Schwartz & Scott, 1994). Die depressie ontstaan dikwels as gevolg van skuldgevoelens en ook 'n afname in positiewe selfbelewing. Dit is ook 'n normale fase van die rouproses. Die kinders verloor iets wat vir hulle kosbaar is – dit lei dikwels tot gevoelens van woede en

frustrasie (Jacobs, 1986; Schwartz & Scott, 1994). Indien dié gevoelens nie uitgespreek kan word nie, omdat hulle bang is om die ouers verder te belas, of bloot omdat die ouers nie daar is om die kinders te ondersteun nie, kan dit maklik na binne gekeer word – 'n gedragswyse wat volgens psigoanaliste tot depressie kan aanleiding gee. 'n Verdere faktor wat tot depressie bydra, is die feit dat die kinders hulpeloos en magteloos voel. Hulle het geen beheer oor hulle ouers se besluit om te skei nie – en kan ook niks aan die situasie verander nie.

Wanneer kinders wat 'n hofgeding oor beheer en toesig ondergaan, beskou word vanuit die verklaringsmodelle binne die Sielkunde, verloor hulle steeds die bestaande gesinstruktuur, maar is bewus daarvan dat hulle tog belangrik vir albei ouers is. Die feit dat hulle dikwels by die egskeidingproses betrek word, gee ook aan hulle insig en neem die gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid weg. Hulle voel dat hulle in die proses geken word en wel 'n bydrae tot die afloop kan lewer. Dit kan as moontlike verklaring dien vir die feit dat kinders wat blootgestel word aan 'n hofgeding oor beheer en toesig nie meer depressief is as kinders in egskeidingsgesinne nie.

Ten slotte kan genoem word dat die kleuters wat die egskeidingsproses van hulle ouers moet deurleef, geensins kognitief daartoe in staat is nie. Ook wat betref die ontwikkelingstake wat hulle tydens die egskeiding moet bemeester, val dit geensins binne die normale take van die ontwikkelingsouderdom nie. Die kinders pas hopelik wel aan – sommige beter as ander – maar aangesien die ontwikkelingsfases op mekaar bou, is dit onseker wat met die kind in die toekoms gaan gebeur en hoe dit die verdere ontwikkeling van die kind sal beïnvloed.

## 5. Slot

Vanuit 'n Christelike mens- en wêreldbeskouing het die hulpverlener wat met egskeiding en die gevolge daarvan gemoeid is, die verantwoordelikheid om op 'n morele en etiese wyse die konstruktiewe hantering daarvan by alle betrokkenes te fasiliteer.

Hierdie artikel was gebaseer op 'n verkennende ondersoek. Dit is egter noodsaaklik om verdere navorsing te onderneem waarin ander veranderlikes ook ondersoek word, ten einde te bepaal watter invloed 'n hofgeding oor beheer en toesig op kinders het. Op grond van die studie wat onderneem is, blyk dit dat die aspek van die ouers se toegang tot die kinders 'n belangrike faktor is wat 'n bydrae lewer tot die kinders se aanpassing by egskeiding, en nie noodwendig die hofgeding oor beheer en toesig nie.

In die Suid-Afrikaanse konteks verrig die kantoor van die gesinsadvokaat 'n moeilike maar uiters belangrike taak. Enige navorsing wat hulle in hierdie taak behulpsaam mag wees, kan 'n belangrike bydrae lewer tot die psigiese en

pastorale welstand van die gesin wat deur 'n egskeidingsproses gaan. Navorsingresultate wat lig kan werp op die faktore wat in hierdie studie ondersoek is, kan verdere riglyne aan sielkundiges en maatskaplike werkers verskaf wanneer hulle in 'n adviserende hoedanigheid by sake oor beheer en toesig betrokke is. Dit blyk op grond van die resultate van die verkennende studie dat die gesinsadvokaat 'n positiewe bydrae lewer in terme van die selfbelewing en mate van depressie wat kinders ervaar. Die uitbou van die fasiliteite en hulpbronne van die kantoor van die gesinsadvokaat (byvoorbeeld mediasie en terapeutiese hulpbronne) kan die gesinsadvokaat versterk in die uitvoering van sy/haar taak.

## Bibliografie


BEILIN, R.L. & IZEN, M.G. 1991. Custody disputes in context. *Journal of Divorce and Remarriage*, 16(3 & 4):305-324.

BOSMAN, F. 1992. In belang van die kind. *RSA Beleidsoorsig*, 5(5):29-40.

COHEN, S.N. 1985. Divorce mediation: An introduction. (*In* Sprenkle, D.H. *ed.* Divorce therapy. New York : Haworth. p. 69-84.)

ERIKSON, E.H. 1950. Childhood and society. New York : Norton.

GROBLER, N 1990. The mediation in certain divorce matters act, 1987. *Consultus*, 3(2):133

HOFFMAN, A & PINCUS, B.K. 1989. The law of custody. Durban : Butterworths.

HOWARD, J. & SHEPHERD, G. 1987. Conciliation, children and divorce: A family systems approach. London : Batsford

HULTSCH, D.F. & DEUTSCH, F. 1981. Adult development and aging: A life-span perspective. New York : McGraw-Hill.

IRVING, H.H. & BENJAMIN, M. 1987. Family mediation. Toronto : Carswell.

JACOBS, J.W 1986. Divorce and child custody resolution: Conflicting legal and psychological paradigms. *American Psychiatric Association*, 143(2):193-197.

KASLOW, F W & SCHWARTZ, L.L. 1987. The dynamics of divorce, a life cycle perspective. New York : Brunner/Mazel.

LAMANNA, M.A., & RIEDMANN A. 1988. Marriages and families California . Wadsworth Publishing.

LOWERY, C.R. & SETTLE, S.A. 1985. Effects of divorce on children: Differential impact of custody and visitation patterns. *Family Relations*, 34: 455-463.

MESSINGER, L. 1984. Remarriage: A family affair. New York : Plenum.

MURCH, M. 1980. Justice and welfare in divorce. London : Sweet and Maxwell.

OPPAWSKY, J. 1989. Family dysfunctional patterns during divorce – from the view of the children. *Journal of Divorce*, 12 (2 & 3):139-152.

RIEGEL, K.F. 1975. Toward a dialectical theory of development. *Human Development*, 18:59-64.

SCHWARTZ, M.A. & SCOTT, B.M. 1994 Marriages and families: Diversity and change. New Jersey : Prentice Hall

STERN, M & NEWLAND, L.M 1994 Working with children: Providing a framework for the roles of counseling psychologists *Counseling Psychologist*, 22(3):402-425.

VAN STADEN, A. 1992. Om heel te word: huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief. Pretoria : HAUM-De Jager.

WALLERSTEIN, J.S. 1983. Children of divorce: The psychological tasks of the child. *American Journal of Orthopsychiatry*, 53(2):230-243.

WALLERSTEIN, J.S. & BLAKESLEE, S. 1990. Second chances for men, women and children a decade after divorce. New York : Ticknor and Fields.

WALLERSTEIN, J.S. & KELLY, J.B. 1980. Surviving the breakup. How children and parents cope with divorce. New York : Basic Books.